

Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

6053

6053

Friday, 1 August 2003

Vrydag, 1 Augustus 2003

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

(*Reprints are obtainable at Room 9-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001.)

No.		Page
Provincial Notices		
266	Breede Valley Municipality: Removal of restrictions	862
267	City of Cape Town: (Cape Town Region): Removal of restrictions	862
268	City of Cape Town: (Cape Town Region): Removal of restrictions	862
269	Mossel Bay Municipality: Removal of restrictions	862
270	City of Cape Town: (Tygerberg Region): Removal of restrictions	863
271	Western Cape Gambling and Racing Board: Rules	863
Removal of restrictions in towns		
Applications:		864
Tenders:		
Notices:		866
Local Authorities		
Berg River Municipality: Closure		866
Berg River Municipality: Subdivision		966
Berg River Municipality: Rezoning and consent use		867
Boland District Municipality: Departure		867
Breede River/Winelands Municipality: Rezoning		868
Breede River/Winelands Municipality: Temporary departure		868
Breede River/Winelands Municipality: Subdivision and rezoning		869
City of Cape Town: (Blaauwberg Region): Closure		869
City of Cape Town: (Blaauwberg Region): Closure		869
City of Cape Town: (Cape Town Region): Rezoning		870
City of Cape Town: (Cape Town Region): Closure		870
City of Cape Town: (Cape Town Region): Rezoning and consent use		870
City of Cape Town: (Cape Town Region): Rezoning, subdivision and application for authorisation of the Environment Conservation Act		871
City of Cape Town: (Cape Town Region): Closure		871
City of Cape Town: (Cape Town Region): Closure		872
City of Cape Town: (Helderberg Region): Rezoning, temporary departure and special consent		872
City of Cape Town: (Oostenberg Region): Rezoning		872
City of Cape Town: (South Peninsula Region): Rezoning and subdivision		873
George Municipality: Closure, rezoning and subdivision		873

(Continued on page 900)

INHOUD

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer 9-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001.)

No.		Bladsy
Provinsiale Kennisgewings		
266	Breedevallei, munisipaliteit: Opheffing van beperkings.....	862
267	Stad Kaapstad: (Kaapstad Streek): Opheffing van beperkings	862
268	Stad Kaapstad: (Kaapstad Streek): Opheffing van beperkings	862
269	Mosselbaai, munisipaliteit: Opheffing van beperkings.....	862
270	Stad Kaapstad: (Tygerberg Streek): Opheffing van beperkings	863
271	Wes-Kaapse Raad op Dobbelaar en Wedrenne: (English text only)	863
Opheffing van beperkings in dorpe		
Aansoeke:		864
Tenders:		
Kennisgewings:		866
Plaaslike Owerhede		
Bergrivier, munisipaliteit: Sluiting		866
Bergrivier, munisipaliteit: Onderverdeling		866
Bergrivier, munisipaliteit: Hersonerings en vergunninggebruik		867
Boland Distriksmunisipaliteit: Afwyking		867
Breërivier/Wynland, munisipaliteit: Hersonerings		868
Breërivier/Wynland, munisipaliteit: Tydelike afwyking		868
Breërivier/Wynland, munisipaliteit: Onderverdeling en hersonerings		869
Stad Kaapstad: (Blaauwberg Streek): Sluiting		869
Stad Kaapstad: (Kaapstad Streek): Hersonerings		870
Stad Kaapstad: (Kaapstad Streek): Sluiting		870
Stad Kaapstad: (Kaapstad Streek): Hersonerings en vergunningsgebruik		870
Stad Kaapstad: (Kaapstad Streek): Hersonerings, onderverdeling en aansoek om magtigings ingevolge die Wet op Omgewingsbewaring		871
Stad Kaapstad: (Kaapstad Streek): Sluiting		871
Stad Kaapstad: (Kaapstad Streek): Sluiting		872
Stad Kaapstad: (Helderberg Streek): Hersonerings, tydelike afwyking en spesiale toestemming		872
Stad Kaapstad: (Oostenberg Streek): Hersonerings		872
Stad Kaapstad: (Suidskiereiland Streek): Hersonerings en onderverdeling		873
George, munisipaliteit: Sluiting, hersonerings en onderverdeling ..		873
George, munisipaliteit: Hersonerings		874

(Vervolg op bladsy 900)

PROVINCIAL NOTICES

The following Provincial Notices are published for general information.

G. A. LAWRENCE,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.N. 266/2003

1 August 2003

BREEDE VALLEY MUNICIPALITY:**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967**

I, André John Lombaard, in my capacity as Assistant Director in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 3889, Worcester, remove condition E. 5. (a) and (b) contained in Deed of Transfer No. T.10089 of 1974.

P.N. 267/2003

1 August 2003

CITY OF CAPE TOWN:**CAPE TOWN ADMINISTRATION****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967**

I, Farzana Kapdi, in my capacity as Assistant Director in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 1224, Fresnaye, remove conditions B.4.(c) and B.4.(d) contained in Deed of Transfer No. T.14461 of 1995.

P.N. 268/2003

1 August 2003

CITY OF CAPE TOWN:**CAPE TOWN ADMINISTRATION****REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967**

I, Farzana Kapdi, in my capacity as Assistant Director in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owners of Erf 1243, Camps Bay, remove conditions 3.6A.1.(e) and 3.6A.1.(f) in Deed of Transfer No. T.6864 of 2002.

P.N. 269/2003

1 August 2003

MOSSEL BAY MUNICIPALITY:**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967**

I, Adam Johannes Cloete, in my capacity as Assistant Director in the Department of Environmental Affairs and Development Planning: Western Cape, acting in terms of the powers contemplated by section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), duly delegated to me in terms of section 1 of the Western Cape Delegation of Powers Law, 1994, and on application by the owner of Erf 1925, Kuils River, remove conditions B.1. and 3. and C.6. and 8. as contained in Deed of Transfer No. T.14670 of 2000.

PROVINSIALE KENNISGEWINGS

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

G. A. LAWRENCE,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

P.K. 266/2003

1 Augustus 2003

MUNISIPALITEIT BREEDEVALLEI:**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967**

Ek, André John Lombaard, in my hoedanigheid as Assistent-Direkteur in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 3889, Worcester, hef voorwaarde E. 5. (a) en (b) vervat in Transportakte Nr. T.10089 van 1974, op.

P.K. 267/2003

1 Augustus 2003

STAD KAAPSTAD:**KAAPSTAD ADMINISTRASIE****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967**

Ek, Farzana Kapdi, in my hoedanigheid as Assistent-Direkteur in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 1224, Fresnaye, hef voorwaardes B.4.(c) en B.4.(d) vervat in Transportakte Nr. T.14461 van 1995, op.

P.K. 268/2003

1 Augustus 2003

STAD KAAPSTAD:**KAAPSTAD ADMINISTRASIE****WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967**

Ek, Farzana Kapdi, in my hoedanigheid as Assistent-Direkteur in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaars van Erf 1243, Kampsbaai, voorwaardes 3.6A.1.(e) en 3.6A.1.(f) in Transportakte Nr. T.6864 van 2002, ophef.

P.K. 269/2003

1 Augustus 2003

MUNISIPALITEIT MOSSELBAAI:**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967**

Ek, Adam Johannes Cloete, in my hoedanigheid as Assistent-Direkteur in die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Wes-Kaap, handelende ingevolge die bevoegdheid beoog in artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), behoorlik aan my gedelegeer ingevolge artikel 1 van die Wes-Kaapse Wet op die Delegasie van Bevoegdhede, 1994, en op aansoek van die eienaar van Erf 1925, Kuilsrivier, voorwaardes B.1. en 3. en C.6. en 8. vervat in Transportakte Nr. T.14670 van 2000, op te hef.

P.N. 270/2003

1 August 2003

CITY OF CAPE TOWN:
TYGERBERG ADMINISTRATION
REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967

Notice is given that the Minister of Agriculture, Environmental Affairs and Development Planning, properly designated as competent authority in terms of paragraph (a) of State President Proclamation No. 160 of 31 October 1994, in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), and on application by the owner of Erf 1163, Durbanville, removes condition C.3.(b) contained in Deed of Transfer No. T.100575 of 1999.

P.K. 270/2003

1 Augustus 2003

STAD KAAPSTAD:
TYGERBERG ADMINISTRASIE
WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967

Kennis geskied dat die Minister van Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, behoorlik aangewys as bevoegde gesag ingevolge paragraaf (a) van Staatspresident Proklamasie Nr. 160 van 31 Oktober 1994, kragtens artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), en op aansoek van die eienaar van Erf 1163, Durbanville, hef voorwaarde C.3.(b) vervat in Transportakte Nr. T.100575 van 1999, op.

P.N. 271/2003

1 August 2003

WESTERN CAPE GAMBLING AND RACING BOARD

R U L E S

In terms of section 82 of the Western Cape Gambling and Racing Law, Law 4 of 1996, as amended, the Western Cape Gambling and Racing Board hereby makes the following amendments to the General Rules published in Provincial Gazette 5978 under Provincial Notice 29/2003 dated 31 January 2003 and amended in Provincial Gazette 5988 under Provincial Notice 66/2003 dated 28 February 2003:

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing rules.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing rules.

1. The following Rule is hereby substituted for Rule 2.2:

“2.2. Applications for renewal of licences

- (1) Every licence holder shall, on or before the date stipulated by the Board in a written renewal notification, but, in any event, no later than three calendar months prior to the expiry of its current licence and irrespective of whether it has received a written renewal notification, submit to the Office of the Board—
 - (a) a written notification of its intention not to renew the relevant licence, should the licence holder wish to allow such licence to lapse, or
 - (b) a complete application for the renewal of the relevant licence, in the manner and form determined by the Board, should the licence holder wish to renew such licence.
- (2) Should any application for the renewal of a licence submitted pursuant to sub-rule (1)(b) be incomplete in any respect, the application may be remitted to the licence holder for rectification.
- (3) In the event that an application for renewal of a licence is not submitted to the Board on or before the date contemplated in sub-rule (1), the penalties contemplated in Schedule A to these Rules shall be imposed in respect of each working day after the date referred to in sub-rule (1) for which the application remains outstanding; provided that, in respect of outstanding applications in relation to key and gambling employees, such penalty shall be doubled for every working day in excess of five working days after the date referred to in sub-rule (1) for which the application remains outstanding.
- (4) The provisions of sub-rule (3) shall apply *mutatis mutandis* in respect of incomplete licence applications remitted to the licence holder in terms of sub-rule (2), unless the application requires only minor rectification of a formal nature.
- (5) For the purposes of this Rule, the expression “working day” shall include any part of a working day.
- (6) Where a licence issued to a person expires due to the failure to apply for renewal of such licence and such person, within six months of the expiry of such licence, applies to the Board for a new licence of the same type, such person shall, notwithstanding the expiry of such licence, be liable for—
 - (a) the new licence application fee, and
 - (b) the penalty contemplated in sub-rule (7).
- (7) A person contemplated in sub-rule (6) shall be liable for the penalties contemplated in Schedule A to these Rules, calculated from the date contemplated in sub-rule (1) until the date of expiry of the licence, unless such person proves that—
 - (a) he or she supplied the Board with written notification of his or her intention not to renew the previous licence in terms of sub-rule (1)(a);
 - (b) he or she had, upon the expiry of the previous licence, immediately and permanently ceased all activities authorised by such licence, and had performed all acts reasonably incidental thereto, and
 - (c) the application for a new licence had been occasioned by changed circumstances which could not reasonably have been foreseen at the time of expiry of the previous licence.”

CITY OF CAPE TOWN:
TYGERBERG REGION

REMOVAL OF RESTRICTIONS: ERF 127, WELGEMOED

Notice is hereby given in terms of section 3(6) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) that the undermentioned application has been received and is open to inspection at the office of the City Manager, Tygerberg Area: East, Bellville Offices, Town Planning, Voortrekker Road, Bellville, and any enquiries may be directed to Mr. H. Krynauw, Town Planner at tel. (021) 918-2157 or fax (021) 918-2356. The application is also open to inspection at the office of the Director: Land Development Management, Provincial Government of the Western Cape, at Room 601, 27 Wale Street, Cape Town, from 08:00-12:30 and 13:00-15:30 (Mondays to Fridays). Telephonic enquiries in this regard may be made at (021) 483-4796 and the Directorate's fax number is (021) 483-3633.

Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing at the office of the above-mentioned Director: Land Development Management at Private Bag X9086, Cape Town 8000, with a copy to the abovementioned City Manager on or before 1 September 2003 quoting the above Act and the objector's erf number. Any comments received after the aforementioned closing date may be disregarded.

<i>Applicant</i>	<i>Nature of Application</i>
Hennie de Villiers on behalf of A. E. Pelsler	Removal of restrictive title conditions applicable to Erf 127, 45 Plettenberg Street, Welgemoed, to enable the owner to subdivide the property into two portions (Portion 1 $\pm 1\,206\text{ m}^2$ and remainder $\pm 873\text{ m}^2$) in order to utilise the properties for single residential purposes.

W. A. Mgoqi, City Manager.

1 August 2003.

BREDE RIVER/WINELANDS MUNICIPALITY:
ROBERTSON OFFICE

M.N. NO. 37/2003

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967
(ACT 84 OF 1967):
ERF 1553, 2 JAKARANDA AVENUE, ROBERTSON
(LAND USE PLANNING ORDINANCE 15 OF 1985)

Notice is hereby given in terms of section 3(6) of the above Act that the undermentioned application has been received and is open to inspection during office hours at the Municipal Manager, Breede River/Winelands Municipality, as well as the Municipality's Robertson Office, and any enquiries may be directed to Mr. Jack van Zyl, P.O. Box 24, Montagu ((023) 614-1112). The application is also open to inspection at the office of the Director: Land Development Management, Provincial Government of the Western Cape, Room 601, 27 Wale Street, Cape Town, from 08:00-12:30 and 13:00-15:30 (Mondays to Fridays). Telephonic enquiries in this regard may be made at (021) 483-4634 and the Directorate's fax number is (021) 483-3633.

Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing at the office of the above-mentioned Director: Land Development Management at Private Bag X9086, Cape Town 8000, with a copy to the above-mentioned Municipal Manager on or before 25 August 2003, quoting the above Act and the objector's erf number. Any comments received after the aforementioned closing date may be disregarded.

<i>Applicant</i>	<i>Nature of Application</i>
Spronk & Associates Inc. (on behalf of H. H. Walters)	Removal of restrictive title conditions applicable to Erf 1553, 2 Jakaranda Avenue, Robertson, to enable the owner to subdivide the property into two portions (Portion 1, $\pm 503\text{ m}^2$ and remainder $\pm 935\text{ m}^2$) for single residential purposes.

STAD KAAPSTAD:
TYGERBERG-STREEK

OPHEFFING VAN BEPERKINGS: ERF 127, WELGEMOED

Kragtens artikel 3(6) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê by die kantoor van die Stadsbestuurder, Tygerberg Area: Oos, Bellville Kantore, Stadsbeplanning, Voortrekkerweg, Bellville, en enige navrae kan gerig word aan mnr. H. Krynauw, Stadsbeplanner by tel. (021) 918-2157 of faks (021) 918-2356. Die aansoek lê ook ter insae by die kantoor van die Direkteur: Grondontwikkelingsbestuur, Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, by Kamer 601, Waalstraat 27, Kaapstad, vanaf 08:00-12:30 en 13:00-15:30 (Maandae tot Vrydae). Telefoniese navrae in hierdie verband kan gerig word aan (021) 483-4796 en die Direktooraat se faksnommer is (021) 483-3633.

Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die kantoor van bogenoemde Direkteur: Grondontwikkelingsbestuur, Privaatsak X9086, Kaapstad 8000, met 'n afskrif aan die bogenoemde Stadsbestuurder, ingedien word op of voor 1 September 2003 met vermelding van bogenoemde Wet en die beswaarmaker se ernommer. Enige kommentaar wat na die voorgemelde sluitingsdatum ontvang word, mag moontlik nie in ag geneem word nie.

<i>Aansoeker</i>	<i>Aard van Aansoek</i>
Hennie de Villiers namens A. E. Pelsler	Opheffing van beperkende titelvoorwaardes van toepassing op Erf 127, Plettenbergstraat 45, Welgemoed, om die erf te onderverdeel in twee gedeeltes (Gedeelte 1 $\pm 1\,206\text{ m}^2$ en restant $\pm 873\text{ m}^2$) ten einde die eiendomme vir enkelresidensiële woondoeleindes aan te wend.

W. A. Mgoqi, Stadsbestuurder.

1 Augustus 2003.

MUNISIPALITEIT BREËRIVIER/WYNLAND:
ROBERTSON KANTOOR

M.K. NR. 37/2003

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967
(WET 84 VAN 1967):
ERF 1553, JAKARANDALAAN 2, ROBERTSON

(ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING 15 VAN 1985)

Kragtens artikel 3(6) van bostaande Wet word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê gedurende kantoorure by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, Breërivier/Wynland Munisipaliteit, sowel as die Robertson kantoor van die Munisipaliteit en enige navrae kan gerig word aan mnr. Jack van Zyl, Posbus 24, Montagu ((023) 614-1112). Die aansoek lê ook ter insae by die kantoor van die Direkteur, Grondontwikkelingsbestuur, Provinsiale Regering van die Wes-Kaap, Kamer 601, Waalstraat 27, Kaapstad, vanaf 8:00-12:30 en 13:00-15:30 (Maandae tot Vrydae). Telefoniese navrae in hierdie verband kan gerig word aan (021) 483-4634 en die Direktooraat se faksnommer is (021) 483-3633.

Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die kantoor van die bogenoemde Direkteur: Grondontwikkelingsbestuur, Privaatsak X9086, Kaapstad 8000, met 'n afskrif aan die bogenoemde Munisipale Bestuurder, ingedien word op of voor 25 Augustus 2003 met vermelding van bogenoemde Wet en beswaarmaker se ernommer. Enige kommentaar wat na die voorgemelde sluitingsdatum ontvang word, mag moontlik nie in ag geneem word nie.

<i>Aansoeker</i>	<i>Aard van Aansoek</i>
Spronk en Medewerkers Ing. (namens H. H. Walters)	Opheffing van beperkende titelvoorwaardes van toepassing op Erf 1553, Jakarandalaan 2, Robertson, ten einde die eiendom in twee gedeeltes (Gedeelte 1, $\pm 503\text{ m}^2$ en restant $\pm 935\text{ m}^2$) te onderverdeel vir enkelresidensiële doeleindes.

CITY OF CAPE TOWN:

SOUTH PENINSULA REGION

REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE CONDITIONS AND DEPARTURE: ERF 83504, CAPE TOWN AT RETREAT

(1) REMOVAL OF RESTRICTIONS

Notice is hereby given in terms of section 3(6) of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), that the undermentioned application has been received by the Provincial Administration of the Western Cape (P.A.W.C.) and is open for inspection at the office of the Director: Land Use Development, South Peninsula Region, 1st Floor, 3 Victoria Road, Plumstead, from 08:30-12:30, Mondays to Fridays (enquiries: M. Florus, tel. (021) 710-8273) and at the offices of the Director: Land Development Management, Provincial Administration of the Western Cape, Room 601, 27 Wale Street, Cape Town, from 08:00-12:00 and 13:00-15:30 (Mondays to Fridays). Any objections, with full reasons therefor, should be lodged in writing at the office of the above-mentioned Director: Land Development Management, Private Bag X9086, Cape Town 8000, and a full copy to the above-mentioned Local Authority on or before 8 September 2003, quoting the above Act and the objector's erf number.

*Applicant**Nature of Application*

F. Fakier	Removal of restrictive title conditions applicable to Erf 83504 (3 Warren Close, Square Hill, Retreat), to enable the owner to convert an existing outbuilding into a second dwelling (granny flat).
-----------	--

(2) LAND USE PLANNING ORDINANCE

Notice is hereby given in terms of section 15(2) of the above-mentioned Ordinance that the undermentioned application is being considered.

Opportunity is given for public participation in respect of proposals under consideration by the Council. Any comment or objection, together with reasons therefor, must be lodged in writing, preferably by registered mail, with reference quoted, to the Director, Land Use Development, Private Bag X5, Plumstead 7801, or forwarded to fax (021) 710-8283 by no later than 8 September 2003. Details are available for inspection at and from 08:30-12:30 at the South Peninsula Region, 1st Floor, 3 Victoria Road, Plumstead 7800. (Enquiries: M. Florus, tel. (021) 710-8273.)

Nature of Application: To depart from the provisions of Zoning Scheme Regulations to enable the owner to convert an existing outbuilding into a second dwelling (granny flat) on Erf 83504, Cape Town at 3 Warren Close, Square Hill, Retreat.

W. A. Mgoqi, City Manager.

Ref: E17/2/2/AR13/ERF: 83504 (Retreat). LUM/00/83504.

1 August 2003.

STAD KAAPSTAD:

SUIDSKIEREILAND-STREEK

OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDES EN AFWYKING: ERF 83504, KAAPSTAD TE RETREAT

(1) OPHEFFING VAN BEPERKINGS

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 3(6) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), dat die onderstaande aansoek deur die Provinsiale Administrasie Wes-Kaap (P.A.W.K.) ontvang is en ter insae beskikbaar is tussen 08:30-12:30 (Maandae tot Vrydae) by die kantoor van die Direkteur: Grondgebruiksontwikkeling, Suidskiereiland-streek, 1ste Vloer, Victoriaweg 3, Plumstead (navrae: M. Florus, tel. (021) 710-8273). Besonderhede is ook ter insae beskikbaar tussen 08:00-12:00 en 13:00-15:30 (Maandae tot Vrydae) by die kantoor van die Direkteur: Grondontwikkelingsbestuur, Provinsiale Administrasie Wes-Kaap, Kamer 601, Waalstraat 27, Kaapstad. Besware, met volledige redes daarvoor, moet skriftelik ingedien word by die kantoor van die bovermelde Direkteur: Grondontwikkelingsbestuur, Privaatsak X9086, Kaapstad 8000, met 'n afskrif aan die bovermelde Plaaslike Owerheid nie later nie as 8 September 2003, waarin die bogemelde Wet en die beswaarmaker se ernommer gemeld word.

*Aansoeker**Aard van Aansoek*

F. Fakier	Opheffing van beperkende titelvoorwaardes van toepassing op Erf 83504 (Warrenslot 3, Square Hill, Retreat), ten einde die eienaar in staat te stel om 'n bestaande buitegebou in 'n tweede wooneenheid (oumawoonstel) te omskep.
-----------	--

(2) ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 15(2) van die bogenoemde Ordonnansie dat die onderstaande aansoek ontvang is.

Geleentheid word gegee vir openbare deelname ten opsigte van voorstelle wat deur die Raad oorweeg word. Enige kommentaar of beswaar, met redes daarvoor, moet skriftelik gerig word, verkieslik per geregistreerde pos, aan die Direkteur: Grondontwikkelingsbestuur, Privaatsak X5, Plumstead 7801, of gestuur word na faks (021) 710-8283 (kwoteer asseblief die verwysingsnommer) nie later nie as 8 September 2003. Besonderhede is tussen 08:30-12:30 ter insae beskikbaar by die Suidskiereiland-streek, 1ste Vloer, Victoriaweg 3, Plumstead 7800. (Navrae: M. Florus, tel. (021) 710-8273.)

Aard van Aansoek: Om af te wyk van die bepalinge van die Soneringskema regulasies ten einde die eienaar in staat te stel om die bestaande buitegebou in 'n tweede wooneenheid (oumawoonstel) op Erf 83504, Kaapstad te Warrenslot 3, Square Hill, Retreat, te omskep.

W. A. Mgoqi, Stadsbestuurder.

Verw: E17/2/2/AR13/ERF: 83504 (Retreat). LUM/00/83504.

1 Augustus 2003.

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**BERG RIVER MUNICIPALITY:****CLOSURE OF PORTION OF ERF 1101,
PIKETBERG (PUBLIC PLACE)**

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 137(2) of the Municipal Ordinance, 1974 (No. 20 of 1974), that the Council intends to close a portion of Erf 1101, Piketberg (public place). Full details lie open for inspection at the Municipal Offices during normal office hours. Any objections to the application, with full reasons therefor, must be lodged in writing with the Municipal Manager, Church Street, Piketberg (P.O. Box 60, Piketberg 7320), or fax (022) 913-1380 by no later than 12:00 on 8 September 2003, quoting the above Ordinance as well as the objector's erf number.

Enquiries: Mr. W. Wagener, Piketberg, telephone (022) 913-1126.

A. J. Bredenhann, Municipal Manager, Municipal Offices, P.O. Box 60, Piketberg 7320.

M.N. 47/2003. 1 and 8 August 2003. 13483

BERG RIVER MUNICIPALITY:**APPLICATION FOR SUBDIVISION (DIVISION PIKETBERG)**

It is hereby notified in terms of section 24 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985), that the undermentioned application has been received, which is open to inspection at the offices of the Local Authority. Any objections to the application, with full reasons therefor, should be lodged in writing with the Municipal Manager, Church Street, Piketberg (P.O. Box 60, Piketberg 7320) or fax (022) 913-1380 by no later than 12:00 on 8 September 2003, quoting the above Ordinance as well as the objector's erf number.

*Applicant**Nature of Application*

C. K. Rumboll and Partners on behalf of Ankane CC	Subdivision of the farm Kleigat No. 83/7, Division Piketberg, into remainder (± 196 ha) and Portion A (± 47 ha) in order to consolidate Portion A with an adjacent farm.
---	--

Enquiries: Mr. W. Wagener, Piketberg, telephone (022) 913-1126.

A. J. Bredenhann, Municipal Manager, Municipal Offices, P.O. Box 60, Piketberg 7320.

M.N. 48/2003. 1 and 8 August 2003. 13484

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE**MUNISIPALITEIT BERGRIVIER:****SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 1101,
PIKETBERG (OPENBARE PLEK)**

Kennis geskied hiermee kragtens die bepalings van artikel 137(2) van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Nr. 20 van 1974), dat die Raad van voornemens is om 'n gedeelte van Erf 1101, Piketberg (openbare plek), te sluit. Nadere besonderhede lê ter insae in die Munisipale Kantore gedurende gewone kantoorure. Enige besware, met die volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Kerkstraat, Piketberg (Posbus 60, Piketberg 7320), of per faks (022) 913-1380 ingedien word voor 12:00 op 8 September 2003 met vermelding van bogenoemde Ordonnansie asook die beswaarmaker se erfnummer.

Navrae: Mnr. W. Wagener, Piketberg, telefoon (022) 913-1126.

A. J. Bredenhann, Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantore, Posbus 60, Piketberg 7320.

M.K. 47/2003. 1 en 8 Augustus 2003. 13483

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT:**AANSOEK OM ONDERVERDELING (AFDELING PIKETBERG)**

Kragtens artikel 24 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê by die kantore van die Plaaslike Owerheid. Enige besware, met volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Kerkstraat, Piketberg (Posbus 60, Piketberg 7320) of per faks (022) 913-1380 ingedien word voor 12:00 op 8 September 2003, met vermelding van bogenoemde Ordonnansie asook die beswaarmaker se erfnummer.

*Aansoeker**Aard van Aansoek*

C. K. Rumboll en Vennote namens Ankane BK	Onderverdeling van die plaas Kleigat Nr. 83/7, Afdeling Piketberg, in restant (± 196 ha) en Gedeelte A (± 47 ha) ten einde Gedeelte A te konsolideer met 'n langsliggende plaas.
---	--

Navrae: Mnr. W. Wagener, Piketberg, telefoon (022) 913-1126.

A. J. Bredenhann, Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantore, Posbus 60, Piketberg 7320.

M.K. 48/2003. 1 en 8 Augustus 2003. 13484

BERG RIVER MUNICIPALITY:

APPLICATION FOR REZONING AND CONSENT USE
(DIVISION PIKETBERG)

It is hereby notified in terms of section 17 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) and regulation 4.6 of Council's Zoning Scheme (section 8), that the undermentioned application has been received, which is open to inspection at the offices of the Local Authority. Any objections to the application, with full reasons therefor, must be lodged in writing with the Municipal Manager, Church Street, Piketberg (P.O. Box 60, Piketberg 7320) or fax (022) 913-1380 by no later than 12:00 on 8 September 2003, quoting the above Ordinance as well as the objector's erf number.

*Applicant**Nature of Application*

David Helling & Abrahamse on behalf of Org-de-Rac Estate (Pty) Ltd.	Rezoning of a portion (± 4 820 m ²) of Portion 27 of the farm Rietfontein No. 184, Division Piketberg, from agricultural zone I to agricultural zone II in order to accommodate a wine cellar as well as a consent use in respect of a portion (± 324 m ²) of the mentioned property for purposes of operating a tourist facility.
---	--

Enquiries: Mr. W. Wagener, Piketberg, telephone (022) 913-1126.

A. J. Bredenhann, Municipal Manager, Municipal Offices, P.O. Box 60, Piketberg 7320.

M.N. 46/2003. 1 and 8 August 2003. 13485

BOLAND DISTRICT MUNICIPALITY:

PROPOSED DEPARTURE: A PORTION OF PORTION 9
OF THE FARM RIETVALLEI NO. 132, MONTAGU, A
DEPARTURE ON AGRICULTURAL ZONE I FOR MINING
ACTIVITIES (MINING OF CLAY FOR THE PRODUCTION
OF BRICKS)

In terms of the provisions of section 15(2)(a) of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985), notice is hereby given that an application has been received for the proposed departure as set out below. This application is to be submitted to Council and will be available for scrutiny at Council's Department of Planning and Development Control at Trappes Street, Worcester. Further details are obtainable from Mr. A. L. Cordier (023) 347-0945 during office hours.

Applicant: Dawid Joubert;

Property: Rietvallei No. 132/9, Montagu;

Owner: Mr. Dawid Joubert;

Size: 946,8448 ha;

Proposal: Mining of clay (± 8 ha) for the production of bricks;

Existing zoning: Agricultural zone I.

Written, legal and fully motivated objections/comments, if any, against the application must be lodged in writing with the undersigned or at Council's Worcester office on or before Friday, 29 August 2003. Any person who cannot write may come during office hours to a place where a staff member of the District Municipality named in the invitation, will assist that person to transcribe that person's comments or representations. Late objections will not be considered.

K. Chetty, Municipal Manager, Boland District Municipality, P.O. Box 91, Worcester 6849.

1 August 2003. 13586

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT:

AANSOEK OM HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK
(AFDELING PIKETBERG)

Kragtens artikel 17 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) en regulasie 4.6 van die Raad se Soneringskema (artikel 8), word hiermee kennis gegee dat die onderstaande aansoek ontvang is en ter insae lê by die kantore van die Plaaslike Owerheid. Enige besware, met volledige redes daarvoor, moet skriftelik by die Munisipale Bestuurder, Kerkstraat, Piketberg (Posbus 60, Piketberg 7320) of per faks (022) 913-1380 ingedien word voor 12:00 op 8 September 2003, met vermelding van bogenoemde Ordonnansie asook die beswaarmaker se ernommer.

*Aansoeker**Aard van Aansoek*

David Helling & Abrahamse namens Org-de-Rac Landgoed (Edms) Bpk.	Hersonering van 'n gedeelte (± 4 820 m ²) van Gedeelte 27 van die plaas Rietfontein Nr. 184, Afdeling Piketberg, vanaf landbousone I na landbousone II ten einde 'n winkelder te akkommodeer asook 'n vergunning ten opsigte van 'n gedeelte (± 324 m ²) van genoemde eiendom ten einde 'n toeristefasiliteit te bedryf.
--	--

Navrae: Mnr. W. Wagener, Piketberg, telefoon (022) 913-1126.

A. J. Bredenhann, Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantore, Posbus 60, Piketberg 7320.

M.K. 46/2003. 1 en 8 Augustus 2003 13485

BOLAND DISTRIKSMUNISIPALITEIT:

VOORGESTELDE AFWYKING: GEDEELTE VAN GEDEELTE 9
VAN DIE PLAAS RIETVALLEI NR. 142, MONTAGU, 'N
AFWYKING OP LANDBOUSONE I VIR DIE BEDRYF VAN
MYNBOU-AKTIWITEITE (MYN VAN KLEI VIR DIE PRODUKSIE
VAN STENE)

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalinge van artikel 15(2)(a) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), dat 'n aansoek om voorgestelde afwyking soos hieronder uiteengesit by die Raad voorgelê gaan word en dat dit gedurende kantoorure ter insae lê by die Raad se Departement Beplanning en Ontwikkelingsbeheer te Trappesstraat, Worcester. Nadere besonderhede is gedurende kantoorure by mnr. A. L. Cordier (023) 347-0945 beskikbaar.

Aansoeker: Dawid Joubert;

Eiendom: Rietvallei Nr. 132/9, Montagu;

Eienaar: Mnr. Dawid Joubert;

Grootte: 946,8448 ha;

Voorstel: Sandgroef (± 8 ha) vir myn van klei vir produksie van stene;

Huidige sonering: Landbousone I.

Skriftelike, regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, kan by hierdie Raad se Worcester kantoor ingedien word voor of op Vrydag, 29 Augustus 2003. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na 'n plek kom waar 'n personeelid van die Distriksmunisipaliteit, wat in die uitnodiging gemeld word, daardie persoon sal help om die persoon se kommentaar of versoë af te skryf. Geen laat besware sal oorweeg word nie.

K. Chetty, Munisipale Bestuurder, Boland Distriksmunisipaliteit, Posbus 91, Worcester 6849.

1 Augustus 2003. 13496

BREEDE RIVER/WINELANDS MUNICIPALITY:

M.N. NO. 62/2003

PROPOSED REZONING AND CONSENT USE:
PORTION 51 OF THE FARM LANGVERWACHT NO. 169,
ROBERTSON, PORTION FROM AGRICULTURAL ZONE I TO
RESORT ZONE I (NINE HOLIDAY ACCOMMODATION UNITS,
RECEPTION AND OFFICE COMPLEX) WITH A
CONSENT USE ON RESORT ZONE I FOR A
RESORT SHOP AND TOURIST FACILITIES
(MEETING AND LECTURE ROOM, GAMES ROOM,
KITCHEN FACILITY AND LAPA)

In terms of the provisions of section 17(2)(a) of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985), and regulation 4.7 of the Scheme Regulations promulgated at P.N. 353 of 20 June 1986, notice is hereby given that an application has been received for the proposed rezoning and consent use as set out below. This application is to be submitted to Council and will be available for scrutiny at Council's Department of Planning and Economic Development (Montagu) at 3 Piet Retief Street, Montagu, and at the Bonnievale office at Main Road, Bonnievale. Further details are obtainable from Mr. M. Oosthuizen ((023) 614-1112) during office hours.

Applicant: Ron Brunings for TPS Town and Regional Planners;

Property: Langverwacht No. 169/51, Robertson;

Owner: Myrtle Grove Property Investments;

Locality: 5,5 km south west of Bonnievale;

Size: 206,62 ha;

Proposal: Existing vacant labourer's cottages to be used for holiday accommodation;

Existing zoning: Agricultural zone I.

Written, legal and fully motivated objections/comments, if any, against the application must be lodged in writing with the undersigned or at Council's Bonnievale office on or before Friday, 22 August 2003. Any person who cannot write may come during office hours to a place where a staff member of the municipality named in the invitation, will assist that person to transcribe that person's comments or representations. Late objections will not be considered. — N. Nel, Municipal Manager, Breede River Winelands Municipality, P.O. Box 24, Montagu 6720.

1 August 2003.

13487

BREEDE RIVER/WINELANDS MUNICIPALITY:

BONNIEVALE OFFICE

M.N. NO. 44/2003

PROPOSED TEMPORARY DEPARTURE:
ERF 791, NEW CROSS STREET, BONNIEVALE

(LAND USE PLANNING ORDINANCE 15 OF 1985)

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 15(1) of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985), that Council has received an application from The Old Apostolic Church of Africa for a temporary departure (for a maximum of five years) to erect a church on Erf 791 (single residential zone).

Full details relating to the proposed temporary departure will be open for inspection at the Bonnievale office during normal office hours. Any legal and fully motivated comments/objections, if any, must be made in writing to the Municipal Manager on or before 25 August 2003. Further details are obtainable from Mr. Jack van Zyl ((023) 614-1112) during office hours. Any person who cannot write may come to the above-mentioned office during office hours where a staff member of the municipality will assist that person to transcribe that person's comments or representations. — N. Nel, Municipal Manager, Municipal Office, Private Bag X2, Ashton 6715.

1 August 2003.

13488

MUNISIPALITEIT BREËRIVIER/WYNLAND:

M.K. NR. 62/2003

VOORGESTELDE HERSONERING EN VERGUNNINGSGEBRUIK:
GEDEELTE 51 VAN DIE PLAAS LANGVERWACHT NR. 169,
ROBERTSON, GEDEELTE VANAF LANDBOUSONE I NA
OORDSONE I (NEGE VAKANSIE AKKOMMODASIE EENHEDE,
ONTVANG EN KANTOORKOMPLEKS) MET 'N
VERGUNNINGSGEBRUIK OP OORDSONE I VIR 'N
OORDWINKEL EN TOERISTEFASILITEITE
(KONFERENSIEFASILITEIT, SPELETJIESVERTREK,
KOMBUISFASILITEIT, LAPA)

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 17(2)(a) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) en regulasie 4.7 van die Skemaregulasies afgekondig by P.K. 353 van 20 Junie 1986, dat 'n aansoek om 'n voorgestelde herosnering en vergunningsgebruik soos hieronder uiteengesit by die Raad voorgelê gaan word en dat dit gedurende kantoorure ter insae lê by die Raad se Departement Beplanning en Ekonomiese Ontwikkeling (Montagu) te Piet Retiefstraat 3, Montagu, en by die Bonnievale kantoor te Hoofstraat, Bonnievale. Nadere besonderhede is gedurende kantoorure by mnr. M. Oosthuizen ((023) 614-1112) beskikbaar.

Aansoeker: Ron Brunings vir TPS Stads- en Streekbeplanners;

Eiendom: Langverwacht Nr. 169/51, Robertson;

Eienaar: Myrtle Grove Eiendomsbeleggings;

Ligging: 5,5 km suidwes van Bonnievale;

Grootte: 206,62 ha;

Voorstel: Bestaande vakante arbeidershuise gebruik vir vakansie akkomodasie;

Huidige sonering: Landbousone I.

Skriftelike, regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, kan by hierdie Raad se Bonnievale kantoor of by die ondergemelde adres ingedien word voor of op Vrydag, 22 Augustus 2003. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na 'n plek kom waar 'n personeellid van die munisipaliteit, wat in die uitnodiging gemeld word, daardie persoon sal help om die persoon se kommentaar of vertoë af te skryf. Geen laat besware sal oorweeg word nie. — N. Nel, Munisipale Bestuurder, Munisipaliteit Breërivier/Wynland, Posbus 24, Montagu 6720.

1 Augustus 2003.

13487

MUNISIPALITEIT BREËRIVIER/WYNLAND:

BONNIEVALE KANTOOR

M.K. NR. 44/2003

VOORGESTELDE TYDELIKE AFWYKING:
ERF 791, NEW CROSS-STRAAT, BONNIEVALE

(ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING 15 VAN 1985)

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 15(1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat 'n aansoek ontvang is van Die Ou Apostoliese Kerk van Afrika vir 'n tydelike afwyking (vir 'n maksimum van vyf jaar) ten einde 'n kerk op te rig op Erf 791 (enkelresidensiële sone).

Volledige besonderhede insake die voorgename tydelike afwyking lê ter insae gedurende kantoorure by die Bonnievale kantoor en skriftelike regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, moet nie later as 25 Augustus 2003 skriftelik by die Munisipale Bestuurder ingedien word nie. Nadere besonderhede is gedurende kantoorure by mnr. Jack van Zyl ((023) 614-1112) beskikbaar. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na die bogenoemde kantoor kom waar 'n personeellid van die munisipaliteit daardie persoon sal help om die persoon se kommentaar of vertoë af te skryf. — N. Nel, Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantoor, Privaatsak X2, Ashton 6715.

1 Augustus 2003.

13488

BREEDE RIVER/WINELANDS MUNICIPALITY:

MONTAGU OFFICE

M.N. NO. 63/2003

PROPOSED SUBDIVISION AND REZONING OF
ERF 534, PARK STREET, MONTAGU

(LAND USE PLANNING ORDINANCE, 1985)

Notice is hereby given in terms of the provisions of sections 24 and 17 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985), that Council intends to subdivide Erf 534 in two portions, namely Portion A ($\pm 2\,500\text{ m}^2$) and remainder and to rezone Portion A from private open space (sport grounds) to utility use zone (clinic).

The details of the proposed subdivision and rezoning will be open for inspection at the Montagu Office during normal office hours. Written legal and fully motivated objections/comments, if any, must be lodged with the undersigned before or on 22 August 2003. Further details are obtainable from Mr. Jack van Zyl (023) 614-1112 during office hours. Any person who cannot write may come to the above-mentioned office during office hours where a staff member of the Municipality will assist that person to transcribe that person's comments or representations. — N. Nel, Municipal Manager, Municipal Office, Private Bag X2, Ashton 6715.

1 August 2003.

13489

CITY OF CAPE TOWN:

BLAAUWBERG REGION

CLOSURE: PORTION OF PUBLIC PLACE ERF 464
ABUTTING ERF 1123, BLOUBERG STRAND

Notice is hereby given in terms of sections 137(2) and 124(2)(a) of Ordinance 20 of 1974 and section 17(2)(a) of Ordinance 15 of 1985 that this Council intends closing and rezoning portion of public place Erf 464, Blouberg Strand, for gardening purposes for the purpose of alienation and consolidation with Erf 1123, Blouberg Strand. Details of the above proposal are available for inspection at the Municipal Offices, cnr. Koeberg and Ixia Roads, Milpark Building, Milnerton, between the hours of 08:00 and 12:00 on weekdays. Any objections to the proposal must be submitted in writing, together with reasons therefor, to the City Manager, City of Cape Town, P.O. Box 35, Milnerton, on or before 22 August 2003 and must include the objector's address and erf number, as well as the relevant reference number. — W. A. Mgoqi, City Manager.

Ref. No: B 14/3/4/3/163. 1 August 2003.

13490

CITY OF CAPE TOWN:

BLAAUWBERG REGION

CLOSURE: PORTION OF PUBLIC ROAD ABUTTING
ERVEN 21303 AND 22215, MILNERTON, LINGFIELD CLOSE AT
MILNERTON RIDGE

Notice is hereby given in terms of sections 137(2) and 124(2)(a) of Ordinance 20 of 1974 and section 17(2)(a) of Ordinance 15 of 1985 that this Council intends closing and rezoning a portion of Lingfield Close for parking and gardening usage for the purpose of alienation and consolidation with Erf 21303, Milnerton. Details of the above proposal are available for inspection at the Municipal Offices, cnr. Koeberg and Ixia Roads, Milpark Building, Milnerton, between the hours of 08:00 and 12:00 on weekdays. Any objections to the proposal must be submitted in writing, together with reasons therefor, to the City Manager, City of Cape Town, P.O. Box 35, Milnerton 7435, on or before 22 August 2003 and must include the objector's address and erf number, as well as the relevant reference number. — W. A. Mgoqi, City Manager.

Ref. No. B 14/3/6/1/2/18. 1 August 2003.

13491

MUNISIPALITEIT BREËRIVIER/WYNLAND:

MONTAGU KANTOOR

M.K. NR. 63/2003

VOORGESTELDE ONDERVERDELING EN HERSONERING VAN
ERF 534, PARKSTRAAT, MONTAGU

(ORDONNANSIE OP GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 1985)

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikels 24 en 17 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) dat die Raad van voorneme is om Erf 534 te onderverdeel in twee dele, naamlik Gedeelte A ($\pm 2\,500\text{ m}^2$) en restant en Gedeelte A te hersoneer van privaot oopruimtesone (sportvelde) na nutsgebruiksone (kliniek).

Die besonderhede van die voorgename onderverdeling en hersoneering lê ter insae gedurende kantoorure in die Montagu Kantoor en skriftelike regsgeldige en goed gemotiveerde besware/kommentaar, indien enige, moet nie later as 22 Augustus 2003 by die ondergetekende ingedien word nie. Navrae kan gerig word aan mnr. Jack van Zyl by telefoonnummer (023) 614-1112. 'n Persoon wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na die bogenoemde kantoor kom waar 'n personeelid van die Munisipaliteit daardie persoon sal help om die persoon se kommentaar of vertoë af te skryf. — N. Nel, Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantoor, Privaatsak X2, Ashton 6715.

1 Augustus 2003.

13489

STAD KAAPSTAD:

BLAAUWBERG-STREEK

SLUITING: GEDEELTE VAN OPENBARE PLEK ERF 464
AANGRENSEND ERF 1123, BLOUBERGSTRAND

12. The provisions, of this by-law shall be in operation between the hours 08:00 and 18:00 from Mondays to Fridays and on Saturdays from 08:00 to 13:00, but shall not be in operation on Sundays or Public Holidays, excluding the provisions of Sections 8, 9, 10 and 11.

Exemptions

13. Notwithstanding anything to the contrary contained in this by-law, the driver or other person in charge of the motor vehicle may park in a demarcated parking bay without payment of the prescribed fees:
 - (a) an emergency vehicle in executing official duties;
 - (b) a law enforcement officer employed by the Council executing official duties;
 - (c) a motor vehicle conveying disabled people under the condition that the prescribed token is displayed on the windscreen;
 - (d) an Alderman as determined per resolution by the Council, under the condition that the token for this purpose be displayed on the windscreen of the vehicle;
 - (e) a vehicle while busy in connection with the construction or maintenance of a public road or the rendering of essential public service.
14. In the event that a parking meter does not make provision for the activation of such parking meter by means of a coin of South African currency, such parking meter shall be activated by means of an electronic equivalent in value thereof.

Removal of motor vehicles by Traffic Officer

15. (a) Any motor vehicle which has been left in a metered parking bay for a continuous period of three hours or more during any period within which this by-law operates, may be removed by a Traffic Officer, and the cost and expenses incurred in connection therewith shall be recoverable from the person having control or being in charge of such motor vehicle or the registered owner thereof.

geld en die parkeermeter in werking te stel en daarna kan die motorvoertuig in sodanige parkeerruimte bly vir 'n verdere tydperk in ooreenstemming met die betaling wat gemaak is.

6. Wanneer 'n parkeermeter aandui dat die gemete tydperk verstryk het, word dit as voldoende bewys beskou dat 'n motorvoertuig wat op die betrokke parkeerruimte met meter staan, vir 'n langer tydperk as die gemete tydperk geparkeer is.
7. Behoudens die bepalings van Artikel 5, kan die bestuurder van 'n motorvoertuig wat in 'n parkeerruimte met meter wil parkeer, tot sy/haar voordeel, en sonder betaling van enige verdere geld, gebruik maak van enige onverstreke deel van 'n gemete tydperk waarvoor iemand anders wat vroeër sodaninge ruimte gebruik het, betaal het.
8. Niemand mag 'n motorvoertuig laat parkeer of toelaat dat dit geparkeer word in enige parkeerruimte met meter wat reeds deur 'n ander motorvoertuig gebruik word nie.
9. Niemand mag 'n motorvoertuig in 'n parkeerruimte met meter parkeer of toelaat dat dit daarin geparkeer word op so 'n wyse dat enige deel van die motorvoertuig oor of verby enige van die grenslyne van sodanige ruimte uitsteek nie.
10. Niemand mag enige muntstuk, uitgesonderd 'n muntstuk soos gedefinieer in hierdie verordening of enige plaatjie, voorwerp of plaasvervanger vir sodanige geldstuk in 'n parkeermeter plaas of laat plaas nie.
11. Niemand mag te eniger tyd aan 'n parkeermeter peuter of dit op enige wyse ontsier of beskadig nie.
12. Die bepalings van hierdie verordening is van krag vanaf Maaandae tot Vrydae vanaf 08:00 tot 18:00 en op Saterdag vanaf 08:00 tot 13:00, maar nie van krag op Sondag of openbare vakansiedae nie, uitgesonderd die bepalings van Artikels 8, 9, 10 en 11.

Vrywaring

13. Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie verordening vervat, kan die bestuurder of ander persoon in beheer van die volgende voertuie sonder die betaling van die gelde wat voorgeskryf word, sodanige voertuie in 'n afgemerkte parkeerruimte met meter parkeer:
 - (a) noodvoertuie in die uitvoering van amptelike pligte;
 - (b) wetstoepassingsbeamptes in diens van die Raad in die uitvoering van amptelike pligte;
 - (c) 'n motorvoertuig wat gestremdes vervoer en mits die onderskeidingsteken vir dié doel op die voorrui van die voertuig vertoon word;
 - (d) 'n Raadsheer soos per Raadsbesluit deur die Raad bepaal, en mits die onderskeidingsteken vir dié doel op die voorrui van die voertuig vertoon word;
 - (e) van 'n voertuig terwyl daar in verband met die aanleg of onderhoud van 'n openbare pad of die lewering van 'n noodsaaklike openbare diens gebruik word.
14. In die geval waar 'n parkeermeter nie voorsiening maak vir die inwerkingstelling van daardie parkeermeter deur middel van 'n muntstuk van Suid Afrikaanse geldwaarde nie, moet daardie parkeermeter in werking gestel word deur die elektroniese ekwivalent in waarde van sodanige muntstuk.

Verwydering van motorvoertuie deur Verkeersbeamptes

15. (a) Enige motorvoertuig wat vir 'n ononderbroke tydperk van drie uur of langer gedurende enige tydperk wanneer hierdie verordening van toepassing is, kan deur 'n Verkeersbeampte verwyder word, en die koste verbonde aan sodanige verwydering en veilige bewaring daarvan en enige ander koste en uitgawes wat in verband daarmee aangegaan word, is verhaalbaar van die persoon in beheer van of met toesig oor sodanige motorvoertuig of die geregistreerde eienaar daarvan.

- (b) Any person who contravenes this by-law or who fails to pay any amount due to the Council in terms thereof shall be guilty of an offence and in addition the Council shall be entitled to recover any amount due to it in any Court of competent jurisdiction.
- (c) The Council shall not be liable for any damage caused to any motor vehicle during the removal thereof or while it is in the custody of the Council in terms of this by-law.

Penalty

16. Any person who fails to comply with, or contravenes any of the provisions of this by-law shall be guilty of an offence, and shall be liable on conviction to a fine not exceeding R500, or to imprisonment not exceeding six months or to both.

Repeal

17. The Regulations relating to Parking Meters of Oudtshoorn Municipality, promulgated under the Provincial Notice No. 107 of 1966, dated 11 February 1966, as amended are hereby repealed.

13526

- (b) Enige persoon wat hierdie verordening oortree of wat versuim om enige bedrag te betaal wat daarkragtens aan die Raad verskuldig is, is skuldig aan 'n misdryf en daarbenewens is die Raad geregtig om enige bedrag wat aan hom verskuldig is, in 'n bevoegde hof te verhaal.
- (c) Die Raad is nie aanspreeklik vir enige skade wat aan 'n motorvoertuig veroorsaak word gedurende die verwydering daarvan of terwyl dit in bewaring by die Raad is ingevolge hierdie verordening nie.

Strafbepaling

16. Enige persoon wat versuim om 'n bepaling van hierdie verordening na te kom of 'n bepaling daarvan oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met beide sodanige boete en gevangenisstraf.

Herroeping

17. Die Regulasies insake Parkeermeters van Oudtshoorn Munisipaliteit, afgekondig in die Provinsiale Koerant No. 107 van 11 Februarie 1966, soos gewysig, word hierby herroep.

13526

THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY:

PROPOSED SUBDIVISION AND CONSENT USE OF PORTION 34 OF THE FARM PALMIET RIVIER NO. 319, CALEDON

Notice is hereby given in terms of section 24 of the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) and regulation 4.7 of the Scheme Regulations promulgated under P.N. 1048/1988 that an application for subdivision and consent use as set out below, has been received and can be viewed during normal office hours at the Municipal Offices, Plein Street, Caledon.

Property: Portion 34 of the farm Palmiet Rivier No. 319, Caledon;

Applicant: W. J. Kingston & Associates;

Owner: Neatfields CC;

Proposal: (i) The *subdivision* of Portion 34 of the farm Palmiet Rivier No. 319, Caledon, in two portions: Portion A: ± 1 ha (agricultural zone I), and remainder: ± 1 ha (agricultural zone I), and (ii) *consent use:* A riding school: On Portion A, and service trade: on the remainder.

Motivated objections, if any, must be lodged in writing and must reach the Municipal Manager, P.O. Box 24, Caledon 7230, on or before 29 August 2003.

Notice is further given in terms of section 21(4) of the Local Government Act: Municipal Systems, 2000 (Act 32 of 2000), that persons who cannot write can approach the Town Planning Section during normal office hours where the Secretary will refer you to the responsible official whom will assist you in putting your comments or objections in writing. — D. Adonis, Acting Municipal Manager.

Reference number: L/163, Caledon. Notice number: KOR. 19.

1 August 2003.

13525

MUNISIPALITEIT THEEWATERSKLOOF:

VOORGESTELDE ONDERVERDELING EN VERGUNNINGSGEBRUIK VAN GEDEELTE 34 VAN DIE PLAAS PALMIET RIVIER NR. 319, CALEDON

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 24 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) en regulasie 4.7 van die Skemaregulasies afgekondig by P.K. 1048/1988, dat 'n aansoek om onderverdeling en vergunningsgebruik soos hieronder uiteengesit, ontvang is en gedurende normale kantoorure ter insae lê by die Munisipale Kantore, Pleinstraat, Caledon 7230.

Eiendom: Gedeelte 34 van die plaas Palmiet Rivier Nr. 319, Caledon;

Aansoeker: W. J. Kingston & Vennote;

Eienaar: Neatfields BK;

Voorstel: (i) Die *onderverdeling* van Gedeelte 34 van die plaas Palmiet Rivier Nr. 319, Caledon, in twee gedeeltes, naamlik: Gedeelte A: ± 1 ha (landbousone I), en restant: ± 1 ha (landbousone I), en (ii) *vergunningsgebruik:* Ryskool: Op Gedeelte A, en 'n diensbedryf: op die restant.

Skriftelike, gemotiveerde besware, gerig aan die Munisipale Bestuurder, Posbus 24, Caledon 7230, moet die ondergenoemde voor of op 29 Augustus 2003 bereik.

Kennis geskied ook ingevolge artikel 21(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), dat persone wat nie kan skryf nie, die Stadsbeplanningsafdeling kan nader tydens normale kantoorure waar die Sekretaris u sal verwys na die betrokke amptenaar wat u sal help om u kommentaar of besware op skrif te stel. — D. Adonis, Waarnemende Munisipale Bestuurder.

Lêerverwysing: L/163, Caledon. Kennisgewing Nr: KOR. 19.

1 Augustus 2003.

13525

MUNISIPALITEIT KANNALAND:

VOORGESTELDE VERKLARING VAN PLEKKE WAAR DIE BEDRYF VAN DIE BESIGHEID VAN STRAATHANDELAAR, VENTER OF SMOUS, VERBOD WORD

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 6A(2)(e) van die Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991), soos gewysig, dat die Munisipale Raad van voorneme is om die munisipale gebied van Kannaland, soos aangedui op kaart Bylae 1, te verklaar as 'n gebied waarin die bedryf van die besigheid van straathandelaar, venter of smous, verbode is, met die uitsondering van sekere gebiede soos op die kaarte hieronder aangetoon en wat as Bylae 2 tot 3 aangeheg word, waar genoemde besigheid onder bepaalde voorwaardes toegelaat sal word.

<i>Dorp</i>	<i>Beskrywing</i>	<i>Bylae</i>
Ladismith	(i) Erf 429, Van Riebeeckstraat (ii) Erf 360, Koninginstraat	Bylae 2
Calitzdorp	(i) Erf 545, Van Riebeeckstraat	Bylae 3

F. Human, Munisipale Bestuurder, Kerkstraat 32, Posbus 30, Ladismith 6655.

1 Augustus 2003.

Die Engelse weergawe hiervan sal op 'n later datum gepubliseer word. / The English version hereof will be published at a later date.

MUNISIPALITEIT KANNALAND:

VERORDENING VIR DIE TOESIG EN BEHEER OOR DIE BEDRYF VAN DIE BESIGHEID VAN STRAATHANDELAAR, VENTER OF SMOUS

Woordomskrywing

“beampte”

'n verkeersbeampte aangestel kragtens artikel 3 van die Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989);

'n lid van die Mag soos omskryf in artikel 1(1) van die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958);

'n vredesbeampte beoog in artikel 33 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977);

'n omgewingsgesondheidsbeampte in diens van die Raad, of

'n beampte van die Raad wat gemagtig is om die bepalings van hierdie verordening toe te pas;

“die Wet” die Wet op Besighede, 1991 (Wet 71 van 1991);

“goedere” enige houer, voertuig of beweegbare struktuur wat vir die opberging of vervoer van goedere gebruik word;

“oorlas” enige gedrag wat aan 'n stand van sake of toestand meebring of kan meebring wat 'n bron van gevaar vir 'n persoon of die eiendom van 'n persoon inhou of wat wesenlik inbreuk maak op die gewone gerief, gemak, rus of vrede van 'n persoon;

“openbare pad” enige pad, straat, deurgang of plek (hetsy 'n deurgang of nie) wat gewoonlik deur die publiek of gedeelte daarvan gebruik word of waartoe die publiek of enige deel daarvan 'n reg van toegang het, en ook

(a) die soom van enige sodanige pad, straat of deurgang,

(b) enige brug, punt of drif waaroor of waardeur enige sodanige pad, straat of deurgang loop, en

(c) enige ander werk of voorwerp wat 'n deel uitmaak van of verbind is met of behoort tot sodanige pad, straat of deurgang;

“openbare plek” 'n plein, park, ontspanningsterrein, sanitêre sleep of oopruimte wat:

(a) in verband met enige onderverdeling of aanleg van grond in erwe, standplase of boupersele voorsien, gereserveer of afgesonder is vir gebruik deur die publiek of okkupeerders van daardie erwe, standplase of boupersele, ongeag of dit op 'n algemene plan, onderverdelingsplan of diagram aangetoon word of nie;

(b) te eniger tyd aan die publiek opgedra is;

(c) sonder onderbreking deur die publiek gebruik is vir 'n tydperk van minstens 30 jaar wat na die 31ste dag van Desember 1959 verstryk het, of

(d) te eniger tyd deur die Raad of ander bevoegde gesag tot openbare plek verklaar of 'n openbare plek gemaak is;

“plaaslike owerheidsdiens” enige stelsel wat deur of namens 'n plaaslike owerheid bestuur word vir die versameling, vervoer of afvoer, behandeling of wegdoen van vullis, rioolvuil of stormwater, of vir die vervaardiging, opwekking van, opberging, suiwering, verspreiding, geleiding, transmissie, vervoer, voorsiening of verskaffing van water, gas of elektrisiteit;

“plaaslike owerheidsdienswerke” alle werke van watter aard ook al wat nodig of wenslik is vir of bykomstig tot of aanvullend is by of gepaard gaan met enige plaaslike owerheidsdiens, en omval dit enige vaste eiendom, meer, fontein, natuurlike waterloop, masjinerie, werktuig of ander ding van watter aard ook al wat vir of in verband met enige sodanige werke of diens gebruik word;

“raad” die Raad van die Munisipaliteit van Kannaland sluit enige komitee of werknemer van die Raad in wat bevoegdhede uitoefen of pligte of funksies uitvoer wat deur die Raad aan daardie komitee of werknemer gedelegeer is;

“soom” die gedeelte van ’n pad, straat of deurgang wat nie ryvlak is nie;

“sypaadjie” daardie gedeelte van ’n soom wat uitsluitlik vir die gebruik van voetgangers bedoel is.

Vir die toepassing van die bepalings van hierdie verordening sluit ’n persoon wat die besigheid van straathandelaar, venter of smous bedryf, enige werknemer van so ’n persoon in.

Verbode gebiede

’n Persoon mag nie die besigheid van straathandelaar, venter of smous bedryf nie—

- (a) in ’n tuin of park of parkeerterrein waartoe die publiek ’n reg van toegang het;
- (b) op ’n soom aangrensend aan:
 - ’n gebou wat behoort aan of geokkupeer word slegs deur die Staat of Raad;
 - ’n kerk of ander plek van aanbidding; of
 - ’n gebou wat kragtens die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969) tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is;
- (c) in ’n gebied wat ingevolge artikel 6A(2)(a) van die Wet deur die Raad verklaar is tot ’n gebied waar die bedryf van die besigheid van straathandelaar, venter of smous—
 - verbied word, of
 - in stryd is met ’n voorwaarde wat deur die Raad ten opsigte van so ’n gebied opgelê is;
- (d) op ’n plek waar—
 - dit ’n brandkraan of ’n ingang of uitgang van ’n gebou versper;
 - dit voetgangers wesenlik belemmer in die gebruik van ’n sypaadjie, soos omskryf in artikel 1 van die Padverkeerswet, 1989;
 - dit ’n obstruksie veroorsaak aan voertuigverkeer;
- (e) op daardie helfte van ’n openbare pad aangrensend aan ’n gebou wat vir woonsteldoeleindes gebruik word, indien die eienaar, bewoner of persoon in beheer van die gebou daarteen beswaar maak;
- (f) op ’n soom aangrensend aan ’n gebou waar besigheid bedryf word deur ’n persoon wat goedere verkoop wat van dieselfde of soortgelyke aard is as goedere wat deur die betrokke straathandelaar, venter of smous verkoop word, sonder die toestemming van daardie persoon;
- (g) op ’n plek waar—
 - dit toegang tot straattoebehore, buspassasiersbanke of skuilings, toustaanplekke, vullishouers of ander geriewe wat vir die gebruik van die algemene publiek bedoel is, versper;
 - dit die sigbaarheid van ’n vertoonvenster op ’n sakeperseel versper, indien die persoon wat sake in die betrokke sakeperseel doen daarteen beswaar maak;
 - dit toegang tot ’n voetoorgang versper;
 - dit toegang tot enige voertuig versper;
 - dit enige padverkeersteken of enige merk, kennisgewing of teken wat ingevolge hierdie vertoon word, versper;
 - dit op enige wyse inbreuk maak op enige voertuig wat langs so ’n plek geparkeer is, of
 - dit toegang tot parkeer- of laaipekke of ander geriewe vir voertuigverkeer beperk.

Algemeen

’n Persoon wat die besigheid van straathandelaar, venter of smous bedryf, mag nie:

- (a) op enige wyse die vrye toegang tot enige plaaslike owerheidsdiens of plaaslike owerheidsdienswerke belemmer nie;
- (b) indien daardie besigheid op ’n openbare pad of openbare plek bedryf word—
 - hy die plek van die besigheid oornag nie, of
 - sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die Raad, enige struktuur (uitgesonderd ’n toestel wat op dieselfde wyse werke as ’n sambreel) met die doel om skuiling te verskaf, oprig nie;
- (c) die besigheid op so ’n wyse bedryf dat dit—
 - ’n oorlas veroorsaak nie;
 - die oppervlak van ’n openbare pad of openbare plek of enige ander eiendom van ’n Raad beskadig of skend nie, of
 - ’n gevaar vir verkeer veroorsaak nie.

- (d) enige voorwerp op enige wyse aan enige gebou, struktuur, sypaadjie, boom, parkeermeter, lamppaal, elektrisiteitspaal, telefoonhokkie, posbus, verkeersteken, bank of enige ander straattoebehore in of op 'n openbare plek heg nie;
- (e) 'n vuur maak op 'n plek of in omstandighede waar dit enige persoon kan beseer of 'n gebou of voertuig of enige straattoebehore in subartikel (d) bedoel, kan beskadig nie;
- (f) versuim of weier om enige goedere, houer, voertuig of beweegbare struktuur te verskuif of te verwyder of verskuif nadat hy of sy versoek is om dit te doen deur die verskaffer van 'n telekommunikasiediens wat toegang tot sodanige diens vereis, of deur 'n gemagtigde werknemer of agent van die Raad of 'n beampte wat ingevolge artikels 4 of 5 van hierdie verordening optree.

Sindelikheid van besigheidsplek en beskerming van openbare gesondheid

'n Persoon wat die besigheid van straathandelaar, venter of smous bedryf, word:

- (a) nie enige vullis, rommel of afvalmateriaal of enige grond of perseel in enige stormwaterriool, of op enige openbare plek ophoop, stort, opgaar of plaas of toelaat dat dit gedoen word nie, behalwe in 'n vullishouer wat deur die Raad goedgekeur is;
- (b) nie besigheid op so 'n wyse bedryf dat die plek van besigheid te alle tye in 'n skoon en netjiese toestand is;
- (c) op versoek van 'n beampte of 'n behoorlik gemagtigde werknemer van die Raad enigiets van die betrokke plek van besigheid verskuif of verwyder sodat die plek van besigheid skoongemaak kan word;
- (d) besigheid op so 'n wyse bedryf dat die plek van besigheid te alle tye in 'n skoon en netjiese toestand is;
- (e) tensy skriftelike goedkeuring vooraf deur die Raad verleen is wat hom of haar van die bepalings van hierdie paragraaf vrystel, versuim om alle rommel, verpakkingsmateriaal, voorraad en toerusting van watter aard ook al wat in verband met sodanige besigheid gebruik word, na afloop van elke dag se handeldryf van enige openbare pad of openbare plek verwyder.

Verwydering en skut

'n Beampte kan enige goedere verwyder en skut:

- (a) wat gevind word op 'n plek waar:
die bedryf van daardie besigheid ingevolge artikel 2 verbode of beperk is en wat na die oordeel van die beampte 'n oortreding van daardie artikel is, of
na die oordeel van die beampte, die goedere so geplaas is dat dit voertuigverkeer versper, of 'n plaaslike owerheidsdiens of plaaslike owerheidsdienswerke belemmer;
- (b) wat die persoon wat die besigheid van straathandelaar, venter of smous bedryf, 'n kwitansie uitreik vir goedere wat op die wyse verwyder en geskut word, en onmiddellik daardie goedere aan die Raad oorhandig.

Afgebakende staanplekke of gebiede

Indien die Raad enige staanplek of gebied gereserveer en afgebaken het vir die doel om die besigheid van straathandelaar, venter of smous, soos beoog in artikel 6A(3)(b) van die Wet te bedryf, mag geen persoon op so 'n staanplek of in so 'n gebied handel dryf nie, tensy hy of sy in besit is van skriftelike bewys dat hy of sy daardie staanplek of gebied by die Raad gehuur het, of dat dit andersins aan hom of haar toegeken is.

Dra en vertoon van skriftelike goedkeuring

'n Persoon wat die besigheid van straathandelaar, venter of smous bedryf, moet wanneer ook al hy of sy daardie besigheid bedryf, enige skriftelike goedkeuring wat deur 'n Raad ingevolge hierdie verordening aan daardie persoon toegestaan of uitgereik is, op sy of haar persoon dra en moet op aanvraag hierdie skriftelike goedkeuring aan 'n beampte of behoorlik gemagtigde werknemer van die Raad toon.

Gelde

Die Raad stel die gelde vas wat aan hom betaalbaar is vir die verhuring van staanplekke of stalletjies binne afgebakende gebiede onder sy beheer, van waar die bedryf van die besigheid van straathandelaar, venter of smous toelaatbaar is.

Appèlle

'n Persoon wat veronreg voel deur 'n besluit van die Raad kan by 'n appèlkomitee appelleer kragtens die bepalings hierin uiteengesit.

'n Persoon wat veronreg voel deur 'n besluit van die Raad moet binne 10 dae na ontvangs van die kennisgewings van die besluit, die Raad en die voorsitter van die Appèlkomitee skriftelik in kennis stel van 'n voorneme om teen die besluit te appelleer.

Samestelling van Appèlkomitee

Die Provinsiale Minister verantwoordelik vir Besigheidsbevordering en Nywerheid kan met die instemming van die Raad, verteenwoordigers van die straathandelaars, venters of smouse en enige ander belanghebbendes as lede van die Appèlkomitee aanwys.

Die Appèlkomitee moet bestaan uit hoogstens ses lede, maar minstens twee lede moet verteenwoordigers bedoel in subartikel (1) wees.

Die lede van die Appèlkomitee moet een lid aanstel om as voorsitter te dien.

As die voorsitter van mening is dat 'n bepaalde persoon in staat is om die Appèlkomitee behulpsaam te wees, kan daardie persoon in die Appèlkomitee gekoöpteer word.

'n Persoon wat sodoende gekoöpteer is, is nie geregtig om op 'n vergadering van die Appèlkomitee te stem nie.

Die voorsitter moet die verontregte persoon binne 10 dae vanaf ontvangs van die kennisgewing van rappoorteer word.

'n Persoon wat sodoende gekoöpteer is, is nie geregtig om op 'n vergadering van die Appèlkomitee te stem nie.

Die voorsitter moet die verontregte persoon binne 10 dae vanaf ontvangs van die kennisgewing van appèl verwittig van die datum, tyd en plek van die vergadering van die Appèlkomitee waar daardie persoon se teenwoordigheid vereis word.

Die verontregte persoon wat ingevolge subartikel (6) kennis ontvang het, moet die vergadering persoonlik bywoon en kan 'n regsverteenvoordiger of enige ander persoon aanstel om namens die verontregte persoon te verskyn.

Prosedure van Appèlvergaderings

Die voorsitter moet die prosedure op die vergadering herhaal.

Al die lede moet op die vergadering van die Appèlkomitee teenwoordig wees.

'n Persoon wat die vergadering bywoon kan, deur die voorsitter versoek word om getuïenis te lewer; deur die voorsitter versoek word om 'n dokument of ander eiendom in daardie persoon se besit of onder daardie persoon se beheer aan die Appèlkomitee voor te lê, of deur die Appèlkomitee ondervra word oor die aangeleentheid wat voor die Komitee dien.

'n Besluit van die Appèlkomitee moet geneem word met 'n meerderheid van stemme van die lede wat op die vergadering teenwoordig is, en in die geval van 'n staking van stemme het die voorsitter 'n beslissende stem benewens 'n gewone stem.

Die Appèlkomitee kan nadat hy die getuïenis wat gelewer is, oorweeg het, die appèl van die hand wys, die appèl handhaaf, of die ander stappe doen soos wat hy goëddink.

Die Appèlkomitee moet so gou doenlik die verontregte persoon skriftelik van sy besluit verwittig, en die verontregte persoon van skriftelike redes vir die besluit voorsien.

Misdrywe

'n Persoon wat 'n bepaling van hierdie verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen:

'n kennisgewing, teken of merk wat vir die toepassing van hierdie verordening vertoon of opgerig is, ignoreer, verontagsaam of nie gehoorsaam nie;

'n goedkeuring of voorwaarde wat ingevolge hierdie verordening verleen of opgelê is, oortree of versuim om daaraan te voldoen;

versuim om te voldoen aan 'n versoek om sy eiendom te verskuif of te verwyder;

opsetlik vals of misleidende inligting aan 'n beampete of behoorlik gemagtigde werknemer van die Raad verstrek; of

'n beampete of behoorlik gemagtigde werknemer van die Raad by die uitoefening of uitvoering van sy of haar bevoegdhede of pligte kragtens hierdie verordening dreig, teenstaan, hom of haar daarmee bemoei of die beampete of werknemer dwarsboom,

is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Toepassing

Die verordening wat in hierdie Bylae uiteengesit is, is oral in Munisipaliteit Kannaland se regsgebied van toepassing.







OUTDSHOORN MUNICIPALITY:

NOTICE NO. 91 OF 2003

PROPOSED CLOSURE OF A PORTION OF ERF 10395,
OUTDSHOORN, AND THE SUBDIVISION AND REZONING
THEREOF FOR RESIDENTIAL PURPOSES

Notice is hereby given in terms of regulation 4(6) of the regulations published in Government Notice No. R1183 under section 26 of the Environment Conservation Act, 1989 (Act No. 73 of 1989), of intent to carry out the following activity:

1. To close, in terms of section 137 of Ordinance 20 of 1974, a portion of Erf 10395, Oudtshoorn ($\pm 7\ 200\ m^2$), situated adjacent and to the east of Lategan Street, as a "public open space".
2. To subdivide the closed portion of Erf 10395, Oudtshoorn ($\pm 7\ 200\ m^2$), in terms of section 23 of Ordinance 15 of 1985.
3. To rezone Erf 14221, Oudtshoorn (portion of Erf 10395 as subdivided), in terms of section 17 of Ordinance 15 of 1985, from "undetermined" to "agricultural/single residential zone" for residential purposes.
4. To develop and utilise Erf 14221, Oudtshoorn, for residential purpose, in terms of the National Housing Act, 1990 (SABS 0400 of 1990).

Full details are available in the office of the Town Planner during normal office hours and any objections thereto, if any, must be lodged in writing (with reasons) to and received by the Town Planner (Jaco Eastes) before or on Friday, 29 August 2003. — R. F. Butler, Municipal Manager, Civic Centre, Oudtshoorn.

Contact particulars: **Town Planner:** Jaco Eastes, tel. (044) 272-2221, P.O. Box 225, Oudtshoorn 6620.

Applicant: Miss. M. Nel tel. (084) 512-4321, P.O. Box 587, Oudtshoorn 6620.

1 August 2003.

13528

MUNISIPALITEIT OUTDSHOORN:

KENNISGEWING NR. 91 VAN 2003

VOORGESTELDE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 10395,
OUTDSHOORN, EN DIE ONDERVERDELING EN HERSONERING
DAARVAN VIR RESIDENSIËLE DOELEINDES

Kennis geskied hiermee in terme van regulasie 4(6) van die regulasies soos gepubliseer in die Staatskennisgewing Nr. R1183 onder artikel 26 van die Omgewingsbewaringswet, 1989 (Wet Nr. 73 van 1989) dat die volgende aktiwiteite verrig staan te word:

1. Om, ingevolge artikel 137 van Ordonnansie 20 van 1974, 'n gedeelte van die restant van Erf 10395, Oudtshoorn ($\pm 7\ 200\ m^2$), geleë aanliggend tot en ten ooste van Lateganstraat, as publieke oopruimte te sluit.
2. Om die geslote gedeelte van Erf 10395, Oudtshoorn ($\pm 7\ 200\ m^2$), ingevolge artikel 23 van Ordonnansie 15 van 1985 af te sny.
3. Om Erf 14221 (gedeelte van Erf 10395 soos onderverdeel), ingevolge artikel 17 van Ordonnansie 15 van 1985, te hersoneer vanaf "onbepaald" na "landbousone/enkelwoonsone" vir enkelwoon-doeleindes.
4. Om Erf 14221 vir residensiële doeleindes, ingevolge Nasionale Bouregulasie 1990 (SABS 0400 van 1990) te ontwikkel en aan te wend.

Volle besonderhede van hierdie voorstel sal ter insae lê in die kantoor van die Stadsbeplanner gedurende normale kantoorure en enige besware daarteen moet skriftelik (met redes) gerig word aan en ontvang word deur die Stadsbeplanner (Jaco Eastes) voor of op Vrydag, 29 Augustus 2003. — R. F. Butler, Munisipale Bestuurder, Burgersentrum, Oudtshoorn.

Kontakbesonderhede: **Stadsbeplanner:** Jaco Eastes, tel. (044) 272-2221, Posbus 225, Oudtshoorn 6620.

Applikant: Mev. M. Nel tel. (084) 512-4321, Posbus 587, Oudtshoorn 6620.

1 Augustus 2003.

13528

PROVINCIAL GOVERNMENT WESTERN CAPE:

PROPOSED LETTING OF PROVINCIAL PROPERTY

Notice is hereby given in terms of the provisions of the Western Cape Land Administration Act, 1998 (Act 6 of 1998) ("the Act") and its regulations that it is the intention of the Province of the Western Cape to let the following premises:

1. Premises with an extent of 6 280 m² situated at Alexandra Hospital, be leased to Friends Day Centre for a period of three (3) years from 1 December 2004 to 30 November 2007.

The following further statutory information is furnished in terms of section 3(4) of the Act:

The premises is situated at Alexandra Hospital, Alexandra Road, Maitland, in the Municipal Area of Cape Town, Administrative District of Cape Town.

The zoning of the property is hospital purposes.

The proposed use of the property is for a special day-care and activity centre.

2. Premises with an extent of 1 454,14 m² situated at No. 4 Victoria Road, Plumstead, be leased to Centre for Creative Education for a period of three (3) years from 1 April 2003 to 31 March 2006.

The following further statutory information is furnished in terms of section 3(4) of the Act:

The premises is situated at McGregor House, No. 4 Victoria Road, Plumstead, in the South Peninsula Municipal Area, Administrative District of South Peninsula.

The zoning of the property is state purposes.

The proposed use of the property is for a centre for education purposes.

Interested parties are hereby invited to submit written representations in terms of section 3(2) of the Act to the Chief Director: Property Management, by mail to Private Bag X9160, Cape Town 8000, or by hand to the Tender Box, Chief Directorate Property Management, 5th Floor, 9 Dorp Street, Cape Town, within twenty-one (21) days of the date upon which this notice last appears.

Full details of the property and the proposed letting are available for inspection during office hours (07:30 to 16:00, Mondays to Fridays) in the office of Ms. Y. Gaidien at (021) 483-5795 and P. Gordon at (021) 483-5218, Chief Directorate of Property Management, Room 5-32, 9 Dorp Street, Cape Town. 13529

PROVINSIALE ADMINISTRASIE: WES-KAAP:

VOORGESTELDE VERHURING VAN PROVINSIALE EIENDOM

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van die Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie, 1998 (Wet 6 van 1998) ("die Wet") en die regulasies daarvan dat die Provinsie Wes-Kaap van voorneme is om die volgende persele te verhuur:

1. 'n Perseel met 'n oppervlakte van ongeveer 6 280 m² geleë te Alexandra Hospitaal, Kaapstad, aan Friends Day Centre vir 'n tydperk van drie (3) jaar vanaf 1 Desember 2004 tot 30 November 2007.

Die volgende verdere statutêre inligting word ingevolge artikel 3(4) van die Wet voorsien:

Die perseel is geleë te Alexandra Hospitaal, Alexandrastraat, Maitland, in die Munisipale Gebied van Kaapstad, Administratiewe Distrik Kaapstad.

Die sonering van die eiendom is hospitaaldoeleindes.

Die voorgestelde gebruik van die eiendom is vir onderwysdoeleindes.

2. 'n Perseel met 'n oppervlakte van ongeveer 1 454,14 m² geleë te McGregor Huis, Victoriastraat Nr. 4, Plumstead, aan Centre for Creative Education vir 'n tydperk van drie (3) jaar vanaf 1 April 2003 tot 31 Maart 2006.

Die volgende verdere statutêre inligting word ingevolge artikel 3(4) van die Wet voorsien:

Die perseel is geleë te McGregor Huis, Victoriastraat Nr. 4, Plumstead, in die Munisipale Gebied van Kaapstad, Administratiewe Distrik Kaapstad.

Die sonering van die eiendom is staatsdoeleindes.

Die voorgestelde gebruik van die eiendom is vir 'n spesiale dagsorg en aktiwiteitsentrum.

Belanghebbendes word hiermee gevra om binne een-en-twintig (21) dae vanaf die datum van die laaste verskyning van hierdie kennisgewing voorleggings ingevolge artikel 3(2) van die Wet aan die Hoofdirekteur: Eiendomsbestuur by Privaatsak X9160, Kaapstad 8000, te pos. Aflewerings per hand moet geplaas word in die Tenderbus van die Hoofdirektoraat Eiendomsbestuur, 5de Verdieping, Dorpstraat 9, Kaapstad.

Volle besonderhede van die eiendom vir die voorgestelde verhuur is beskikbaar vir inspeksie gedurende kantoorure (07:30 tot 16:00, Maandae tot Vrydae) in die kantoor van me. Y. Gaidien by (021) 483-5795 van die Hoofdirektoraat Eiendomsbestuur, Kamer 5-32, Dorpstraat 9, Kaapstad. 13529

URHULUMENTE WEPHONDO LENTSHONA KOLONI:

ISINDULULO SOKUCHITHWA KOMHLABA WEPHONDO

Kukhutshwa isaziso ngokwemiqathango yomthetho oyiWestern Cape Land Administration Act, 1998 (Act 6 of 1998) ("the Act"), kunye neMimiselo yokuba iPhondo leNtshona Koloni linenjongo yokuchitha iSiza 167543, esiyinxalenye yeSiza 142145 eKapa, kuLawulo lweSithili saseKapa, esiphantsi ko T.67723/1990 ("iSiza").

1. Umhlaba obukhulu bungange-6 280 m² nomi kwisibhedlele, iAlexandra, uya kuqeshiswa kwiFriends Day Centre kangangesithuba seminyaka emithathu (3) ukususela ngomhla 1 kuDisemba 2004 ukuya kumhla wama-30 kuNovemba 2007.

Ezi nkukacha zilandelayo zisemthethweni ziqotyoshelwe ngokwemiqathango yecandelo 3(4) lalo Mthetho:

Umhlaba okwiSibhedlele iAlexandra, Alexandra Road, Maitland, kuMmandla woMasipala waseKapa, kuLawulo lweSithili saseKapa.

Lo mhlaba ulungiselelwe iinjongo zesibhedlele.

Eyona nto usetyenziselwa yona lo mhlaba kukwenza iziko elilodwa eliya kusetyenziswa kwizinto yinto.

2. Umhlaba obukhulu bungange-1 454,14 m² nomi kwaNo. 4. Victoria Road, ePlumstead, uya kuqeshiswa kwiCentre for Creative Education kangangesithuba seminyaka emithathu (3) ukususela ngomhla 1 kuEpreli 2003 ukuya kumhla wama-31 kuMatshi 2006.

Ezi nkukacha zilandelayo zisemthethweni ziqotyoshelwe ngokwemiqathango yecandelo 3(4) lalo Mthetho:

Umhlaba okwiMcGregor House, No. 4 Victoria Road, ePlumstead, kuMmandla woMasipala waseSouth Peninsula, kuLawulo lweSithili saseSouth Peninsula.

Lo mhlaba ulungiselelwe iinjongo zorhulumente.

Eyona nto usetyenziselwa yona lo mhlaba kukwenza iziko elilungiselelwe ezemfundo.

Kumemelelwa amaqela achaphazelekayo ukuba angenise iziphakamiso ezibhaliweyo ngokwemiqathango yecandelo 3(2) lalo Mthetho kuMlawuli oyiNtloko wezoLawulo Mihlaba, kwaPrivate Bag X9160, Cape Town 8000, okanye iziswe ifakwe kwiBhokisi yeTanda, ekwiCandelo loMlawuli oyiNtloko wezoLawulo Mihlaba, 5th Floor, 9 Dorp Street, Cape Town, kwisithuba esingangeentsuku ezingamashumi amabini ananye (21) emva komhla esiqqibele ukuvela ngawo esi saziso.

Iinkukacha ezizeleyo ezimalunga nalo mhlaba ziyafumaneka ukuze zihlolwe ngamaxesha omsebenzi (07:30 ukuya nge-16:00, ngeMivulo ukuya kooLwezihlanu) kwi-ofisi ka Nksz. Y. Gaidien kwa-(021) 483-5795 noP. Gordon kwa-(021) 483-5218, kwiCandelo loMlawuli oyiNtloko wezeMihlaba, kwaRoom 5-32, 9 Dorp Street, Cape Town. 113529

SOUTH AFRICA FIRST –
BUY SOUTH AFRICAN
MANUFACTURED GOODS

SUID-AFRIKA EERSTE –
KOOP SUID-AFRIKAANS
VERVAARDIGDE GOEDERE

The "Provincial Gazette" of the Western Cape

appears every Friday, or if that day is a public holiday, on the last preceding working day.

Subscription Rates

R46,00 per half-year, throughout the Republic of South Africa.

R46,00 + postage per half-year, Foreign Countries.

R92,00 per annum, throughout the Republic of South Africa.

R92,00 + postage per annum, Foreign Countries.

Subscriptions are payable in advance.

Single copies are obtainable at Room 12-06, Provincial Building, 4 Dorp Street, Cape Town 8001, at R3,00 per copy.

Advertisement Tariff

First insertion, R13,00 per cm, double column.

Repeats R10,00 per cm, double column.

Fractions of cm are reckoned as a cm.

Notices must reach the Director-General not later than 10:00 on the last working day but one before the issue of the *Gazette*.

Whilst every effort will be made to ensure that notices are published as submitted and on the date desired, the Administration does not accept responsibility for errors, omissions, late publications or failure to publish.

All correspondence must be addressed to the Director-General, P.O. Box 659, Cape Town 8000, and cheques, bank drafts, postal orders and money orders must be made payable to the Provincial Administration Western Cape.

Die "Provinsiale Koerant" van die Wes-Kaap

verskyn elke Vrydag of, as die dag 'n openbare vakansiedag is, op die laaste vorige werkdag.

Tarief van Intekengelde

R46,00 per halfjaar, in the Republiek van Suid-Afrika.

R46,00 + posgeld per halfjaar, Buiteland.

R92,00 per jaar, in die Republiek van Suid-Afrika.

R92,00 + posgeld per jaar, Buiteland.

Intekengeld moet vooruitbetaal word.

Los eksemplare is verkrygbaar by Kamer 12-06, Provinsiale-gebou, Dorpstraat 4, Kaapstad 8001, teen R3,00 per eksemplaar.

Advertensietarief

Eerste plasing, R13,00 per cm, dubbelkolom.

Herhaling, R10,00 per cm, dubbelkolom.

Gedeeltes van 'n cm word as een cm beskou.

Kennisgewings moet die Direkteur-generaal uiterlik om 10:00 op die voorlaaste werkdag voor die uitgawe van die *Koerant* bereik.

Hoewel alle pogings aangewend sal word om te sorg dat kennisgewings soos ingedien en op die verlangde datum gepubliseer word, aanvaar die Administrasie nie verantwoordelikheid vir foute, weglatings, laat publikasies of versuim om dit te publiseer nie.

Alle briefwisseling moet aan die Direkteur-generaal, Posbus 659, Kaapstad 8000, gerig word en tjeks, bankwissels, posorders en poswissels moet aan die Provinsiale Administrasie Wes-Kaap.

CONTENTS—(Continued)

	Page
George Municipality: Rezoning.....	874
George Municipality: Rezoning.....	874
George Municipality: Consent use.....	875
Kannaland Municipality: (See Afrikaans text only).....	888
Knysna Municipality: Rezoning and consolidation.....	875
Knysna Municipality: Rezoning.....	876
Knysna Municipality: Temporary use departure.....	876
Langeberg Municipality: Rezoning.....	877
Langeberg Municipality: Rezoning.....	878
Matzikama Municipality: Subdivision.....	877
Overstrand Municipality: Rezoning.....	878
Overstrand Municipality: Subdivision, rezoning and sale.....	879
Stellenbosch Municipality: Rezoning and consent use.....	879
Stellenbosch Municipality: Rezoning, departure and consent use.....	880
Stellenbosch Municipality: Temporary departure.....	880
Stellenbosch Municipality: Rezoning and subdivision.....	881
Stellenbosch Municipality: Rezoning.....	881
Swartland Municipality: Proposed letting.....	882
Swellendam Municipality: Consent use.....	882
Swellendam Municipality: Subdivision.....	882
Theewaterskloof Municipality: Subdivision.....	883
Theewaterskloof Municipality: Subdivision.....	883
Theewaterskloof Municipality: Subdivision.....	884
Theewaterskloof Municipality: Rezoning.....	884
Theewaterskloof Municipality: Subdivision and consent use.....	887
Oudtshoorn Municipality: By-law on parking meters.....	885
Oudtshoorn Municipality: Closure, subdivision and rezoning.....	895
Provincial Government Western Cape: Proposed letting of provincial property.....	895

INHOUD—(Vervolg)

	Bladsy
George, munisipaliteit: Hersonerings.....	874
George, munisipaliteit: Vergunningsgebruik.....	875
Kannaland, munisipaliteit: Voorgestelde verklaring van plekke waar die bedryf van die bedryf van die besigheid van straat-handelaar, venter of smous, verbied word.....	888
Knysna, munisipaliteit: Hersonerings en konsolidasie.....	875
Knysna, munisipaliteit: Hersonerings.....	876
Knysna, munisipaliteit: Tydelike gebruiksafwyking.....	876
Langeberg, munisipaliteit: Hersonerings.....	877
Langeberg, munisipaliteit: Hersonerings.....	878
Matzikama, munisipaliteit: Onderverdeling.....	877
Oudtshoorn, munisipaliteit: Parkeermeterverordening.....	885
Oudtshoorn, munisipaliteit: Sluiting, onderverdeling en hersonerings.....	895
Overstrand, munisipaliteit: Hersonerings.....	878
Overstrand, munisipaliteit: Onderverdeling, hersonerings en verkoop.....	879
Stellenbosch, munisipaliteit: Hersonerings en vergunningsgebruik.....	879
Stellenbosch, munisipaliteit: Hersonerings, afwyking en vergunningsgebruik.....	880
Stellenbosch, munisipaliteit: Tydelike afwyking.....	880
Stellenbosch, munisipaliteit: Hersonerings en onderverdeling.....	881
Stellenbosch, munisipaliteit: Hersonerings.....	881
Swartland, munisipaliteit: Voorgestelde verhuring.....	882
Swellendam, munisipaliteit: Vergunningsgebruik.....	882
Swellendam, munisipaliteit: Onderverdeling.....	882
Theewaterskloof, munisipaliteit: Onderverdeling.....	883
Theewaterskloof, munisipaliteit: Onderverdeling.....	883
Theewaterskloof, munisipaliteit: Onderverdeling.....	884
Theewaterskloof, munisipaliteit: Hersonerings.....	884
Theewaterskloof, munisipaliteit: Onderverdeling en vergunningsgebruik.....	887
Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap: Voorgestelde verhuring van provinsiale eiendom.....	896